

**VRYSTAATSE BOERE:
“WE HAVE A GOOD STORY TO TELL!”**



**DEUR
DR PHILIP THEUNISSEN**

APRIL 2015

VRYSTAATSE BOERE: “WE HAVE A GOOD STORY TO TELL!”

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN*

INLEIDING

In *The Agrarian Question and Food Production in Southern Africa* (1988) sê die politieke aktivis, prof. Archie Mafeje: “*While colonialism and apartheid systematically undermined African agriculture, white farmers, on the other hand, benefited from substantial state subsidies.*” Hy gaan voort: “*Apart from the state subsidies, white capitalist agriculture has flourished as a result of the availability of a captured cheap African labour.*”

In ‘n artikel op *SA Breaking news*, sê die skrywer en ontwikkelingsekonoom, Rabelani Dagada, op sy beurt: “*... if you tell a lie several times, you may end up believing it. Moreover, some of your listeners may start to believe your lie. The ANC and its government have created a narrative which portrays white farmers as thieves of land that rightfully belongs to the indigenous people of this country.*” Dagada voer tot die teendeel van die oëunö aan: “*The ANC government and unions should start to appreciate the role of farmers in providing food security and creating jobs.*” Dit net terloops.

Daar is meer as voldoende historiese bewyse dat boere nie grond in die Vrystaat én elders gesteel het nie. Grond is regmatig en volgens gedokumenteerde verdrae, hetsy deur ruiltransaksies, die verskaffing van dienste of ook deur kontantbetalings, bekom. Daarom is dit onnodig om dié aspek in hierdie artikel te beredeneer. Wat hier ter sprake is, is die implisering dat wit boere, met spesifieke verwysing na Vrystaatse boere, hulle welvaart aan sogenaamde omvangryke subsidies en goedkoop slawe-arbeid te danke het.

AGTERGROND

Voedselproduksie was nie aanvanklik die prioriteit van boere in die binneland nie. Vanaf 1859 tot 1870 is landbou in die Vrystaat gekenmerk deur ‘n vestigingsfase. Boere het toe vanaf die Kaapkolonie na die binneland getrek en hulle onder andere in die Vrystaat kom vestig. Voedselproduksie was toe tot ‘n groot mate tot eie gebruik beperk met dalk ‘n klein surplus wat in naby geleë dorpe verkoop is. Wol en bokhaar was die kommersiële produkte waarmee geboer is en dit is hoofsaaklik via Durban na Europa uitgevoer.¹

Toe word diamante in 1867 in Kimberley se omgewing ontdek. Die algemene welvaart as gevolg van die diamantnywerheid het tot ‘n skielike oplewing in die handel, uiteraard ook in landbouprodukte, gelei. Kimberley het ‘n belangrike mark vir lewende hawe, groente en hout vanuit die Vrystaat geword en het gevolglik baie tot die verbetering van die ekonomiese welvaart van boere bygedra.²

Die verdere ontdekking van goud op die Witwatersrand in 1886 het baie vinnig ‘n massiewe handelsentrum laat ontstaan wat die grondslag vir die ekonomiese welvaart van die hele Suid-Afrika gelê

* *Dr Philip Theunissen is ‘n finansiële rekenmeester, landbou-ekonoom en forensiese rekenmeester en praktiseer as Computus Bestuursburo, BK op Bethlehem.*

het. Teen 1895, slegs nege jaar na die ontdekking van die hoofrif, was die Witwatersrand die grootste goudprodusent ter wêreld. Transvaal, wat voorheen die armste was, het skielik die rykste staat in Suid-Afrika geword.³

Die groeiende bevolking aan die Rand en ook in die hawedorpe het 'n groot mark vir landbouprodukte geskep. Dié aansporing het nie alleen verhoogde produksie nie maar ook 'n verbetering van kuddes en 'n vernuwing in boerderymetodes tot gevolg gehad. Daarmee saam het die ontwikkeling van die vervoerstelsel die verspreiding van landbouprodukte vergemaklik. Hoewel Suid-Afrika se rykdom aan minerale uiteindelik die direkte oorsaak van die Anglo-Boereoorlog (ABO) was, het dit ook daartoe aanleiding gegee dat landbou floreer het en boere welvaart kon genereer. In 1899, op die vooraand van die ABO, was landbou ten volle gekommersialiseer en was die Vrystaat op pad om een van die welvarendste en geldelik mees gesonde landbouproduserende streke in Suid-Afrika te word.⁴

VOOR DIE OORLOG

In 1952 vertel Catharina van den Berg, 'n oorlewende van die oorlog, talle stories oor haar dae op 'n tipiese Vrystaatse plaas, voor, gedurende en na die oorlog. Vredefontein in Kroonstad, waar sy woonagtig was, was 'n baie groot plaas met 'n gemengde boerdery. Daar was vir 'n paar jaar goeie reëns. Alles was geil en groen, met myle landerye aanmekaar, tuine en goedbewerkte plase en werwe, volop vee, perde, pluimvee (hoenders, eende, ganse en kalkoene) en swaarbelaaide vrugtebome. Dit was 'n rustige, landelike lewe maar baie harde werk vanaf daglig tot laataande.⁵

Voor die koms van die motor is op groot skaal met perde geboer, 500 tot 600 perde in die besit van 'n enkele boer was nie ongewoon nie. Reeds omstreeks 1890 was daar boere wat 1 200 en meer gehad het. Elke boervrou het hoenders en ganse aangehou. 'n Vrou wat van 60 tot 100 ganse besit het, is as welgesteld beskou. Die ganse is gepluk en die dons is vir beddegoed verkoop.⁶

Plaasmasjinerie het gewoonlik uit 'n Amerikaanse 75 tweeskaarploeg, “*Flying Dutchman walking plow*”, McCormick-selfbindermasjiene en die Daisy Reaper bestaan. Dorsmasjiene (waarskynlik kontrakteurs) is in elke distrik aangetref. Die bykans 11 000 Vrystaatse boere se veekudde staan op 8.3 miljoen skape, 1.2 miljoen beeste, 860 000 bokke, 35 000 varke en 250 000 perde. Die totale uitvoere van die Vrystaatse republiek was £1.8 miljoen waarvan landbou £1.4 miljoen, oftewel 73%, bygedra het.⁷

Die Britse politieke wetenskaplike, JA Hobson, sê in 1902: “*The Free Staters knew what they were doing and what they wished. They are proud of their country and have good reason for their pride. On a poor soil, unable to support its population except by assiduous toil, they have built up one of the most successful nations the world has ever seen.*” Selfs lord Alfred Milner, Britse Koloniale Sekretaris in Suid-Afrika vanaf die einde van die ABO, erken aan sir Percy Fitzpatrick: “*These old fellows, quite uneducated in our sense, who have never read a book except their Bibles, and very frequently cannot write an ordinary letter, are yet the landed aristocracy and are gentlemen in the best sense: dignified, courteous and hospitable, and amazingly self-controlled.*”⁸

DIE OORLOG⁹

Na volgehoue druk deur Brittanje vir stemreg aan uitlanders op die goudvelde, verklaar die Boererepublieke op 11 Oktober 1899 oorlog en die konflik eindig eers na 'n tydperk van 2 jaar en 8 maande op 31 Mei 1902. Daar was drie afsonderlike fases. In die eerste fase loods die boere aanvalle op Britse gebiede te Ladysmith, Mafeking en Kimberley en behaal 'n reeks taktiese oorwinnings by Colenso, Magersfontein en Spioenkop.

In die tweede fase, na die toevoeging van groter getalle Britse soldate onder opperbevel van lord Roberts, het die Britte 'n volgende offensief in 1900 van stapel gestuur om die beleërings, hierdie keer met sukses, te verlig. Na Natal en die Kaapkolonie bevry is, was dit die Britse magte se uiteindelijke doel om Transvaal in te val en Pretoria word in Junie 1900 beset.

Die derde en finale fase begin in Maart 1900 en eindig in Mei 1902 toe die Boeremagte 'n uitgerekte guerrilla-oorlog voer waartydens hulle die Britse linies, telegraafposte, spoorlyne en opgaarplekke met strooptogte teiken. Die Britte vind dat die vinnigbewegende taktiek van die Boere-kommando's die oorlog onnodig uitrek en dat hulle 'n geweldige leër op die been moet hou om die klein boere-eenhede te probeer vaskeer. Vir solank die boere-vroue op die plase was, sou die vegtende burgers geen gebrek aan voedsel en perdevvoer hê nie en kon hulle onbepaald aanhou veg.

VERWOESTING

In 'n poging om die boeremagte van hul voorrade af te sny, begin Roberts met die verskroeiende-aardebeleid, toe hy op 16 Junie 1900 bepaal dat indien daar 'n Boere-aanval op die spoorlyne plaasvind, die opstal naaste aan die aksie afgebrand sou word. In September 1900 brei hy die beleid uit deur te bepaal dat indien die spoorlyn aangeval word, alle opstalle binne 'n radius van 10 myl oftewel 16 km, afgebrand sal word, alle vee gedood of weggevoer sal word, en alle gesaaides verwoes sal word. In hierdie tyd het die eerste konsentrasiekampe ook onder Roberts begin verskyn.¹⁰

Toe lord Kitchener by Roberts as opperbevelhebber oorneem, sit hy die verskroeiende-aardebeleid met groter intensiteit voort. Opstalle word voor die voet afgebrand en die konsentrasiekampstelsel word uitgebrei. Onder Kitchener is alle voedsel verbrand of bederf, alle waens, karre, meules, ploë, trap- en dorsmasjiene stukkend gebreek en damme is opgeblaas. Selfs koffie-meultjies is gebreek sodat die vroue nie daarmee kon koring maal nie. Vrugtebome is onder die ent-merk afgekap sodat dit nooit weer moes dra nie, klippe is in die windpompskagte afgegooi en die water in putte is vergiftig. Hooimiedens is aan die brand gestee, sakke graan verbrand en vee op hope doodgestee. Oeste op lande is aan die brand gestee of vertrap. Kruideniersware is verwoes of na die Britse linies vervoer. Teen hierdie tyd het die plaaswerkers ook reeds gedros en die persoonlike welvaart asook die landboukapasiteit van die Vrystaatse boere, word totaal vernietig.¹¹

By Britse kwartiere is lywige verslae oor voorrade bygehou. Die toestand van die onderskeie distrikte is op 'n groot kaart met behulp van verskillende kleure aangedui: rooi het algehele vernietiging van voorrade aangedui, blou gedeeltelike en geel geen. Kitchener dreig selfs sy bevelvoerders by meer as een geleentheid: *“Commanders of columns will be held absolutely responsible that all farms and the country is entirely cleared of stock and supplies in the vicinity of the march.”* Dit word van hierdie bevelvoerders vereis om deur middel van geskrewe sertifikate te verklaar dat die areas onder hulle bevel van alle voorrade gestroop is.¹²

Toe Catharina van den Berg die tyding kry dat die Engelse na Vredefontein beweeg, het hulle al die nodigste besittings op 'n manier by die rivier gekry waar daar 'n baie diep waterkuil was. Hierin het hulle soveel moontlik van die plaasimplimente, gereedskap, 'n ploeg, huishoudelike goedere soos borde, messegoed, potte en panne en drie perdekarre, volledig met disselbome, met osrieme in die water laat afsak om sodoende iets te probeer red vir hulle voortbestaan.

Sy vertel ook dat daar uit 'n ander oord nog veel erger gekom het. Waar die vyand self nie kon uitkom nie, stuur hy swart hordes, gewapen met gewere en patrone, wat as deel van die Britse magte optree en wat die verwoesting en verskrikking van die troepe voltooi.¹³

Vernietiging van die veestapel¹⁴

Onmiddellik ná die anneksasie van die Vrystaat is groot getalle vee bymekaar gemaak en per openbare veiling verkoop. Die opbrengs is in die skatkis van, nou die Oranjerivierkolonie, gestort. Onder Kitchener se latere öskoonmaakö-beleid moes geen vee in Boerehande val nie en daarom is selfs lojaliste se vee weggevat en na veilige plekke onder Britse beskerming geneem. Britse rekords toon onder andere dat van Maart tot Augustus 1901, toe die beleid op sy felste was, 119 999 beeste, 49 499 perde, 1 000 ton voer en 2 912 waens en ander voertuie buitgemaak is. In sommige verslae word egter net öbaie veeö of öbaie perdeö gemeld maar in verskeie gevalle word aangedui: “*All stock removed from this district.*”

Volgens sensusopnames het die Vrystaatse veestapel kort voor en na die oorlog soos volg daarna uitgesien:

	1899	1902	Verskil	%
Skape	8 332 490	805 225	-7 527 265	-90%
Beeste	1 248 448	142 449	-1 105 999	-89%
Bokke	1 079 472	110 700	-968 772	-90%
Varke	34 787	1 995	-32 792	-94%
Perde	248 878	48 978	-199 900	-80%
TOTAAL	10 945 974	1 109 347	-9 834 728	-90%

Bron: APJ van Rensburg

Volgens hierdie statistiek is 90% van die veestapel tydens die oorlog uitgewis. Daarby moet die hoeveelheid pluimvee ook nog gevoeg word waarvan daar nie inligting beskikbaar is nie.

Toerusting¹⁵

Omheinings is verwyder of so verniel dat dit onbruikbaar was. Draad en pale wat van plase verwyder is en vir blokhuislyne gebruik is, is na die oorlog as regeringsbesit geklassifiseer. Boormasjiene en leerlooierye is verwoes terwyl gewetenlose fortuinsoekers en swartes wat nie aan die oorlog deelgeneem het nie die plase van oorblywende implemente gestroop het.

Akkerbou¹⁶

Trekdiere, implemente en produksiemiddele is vernietig en die lande wat vir drie jaar braak gelê het was oortrek met onkruid. Sommige landerye is met sout bestrooi en sodoende van hulle vrugbaarheid ontnem.

Huise en dorpe¹⁷

In die Vrystaat is 26 dorpe na die oorlog as totaal verwoes aangegee. Nie alleen materiële welvaart nie maar ook kerk- en skoolrekords is in die proses verwoes. Ten minste 65 kerke is beskadig of verwoes. Die getal verwoeste huise in beide republieke het ten minste 30 000 beloop. Dit is onbekend hoeveel hiervan in die Vrystaat was.

Verkoop van plase¹⁸

Toe die verwoesting van plase en wonings steeds nie die Boeremagte tot oorgawe kon dwing nie, is beslag op fondse in öBittereindersö se bankrekenings gelê om die öonderhoudskosteö van hulle vrouens en kinders in die konsentrasiekampe te dek. In ñ verdere proklamasie is eers 15 plase en later nog 38 plase onder die markwaarde in Vrystaatse distrikte verkoop as delging van die onderhoudskoste van

vrouens en kinders in die konsentrasiekampe. Hierdie transaksies is wel na die oorlog gekanselleer, mits die oorspronklike eienaar die uitstaande onderhoudskoste sou vereffen.

Samevattend

In 'n verslag aan Joseph Chamberlain, Britse minister van kolonies, erken Milner op 6 Desember 1901: *“Even if the war is to come to an end tomorrow, it would not be possible to let the people in the concentration camps go back at once to their former homes. They would only starve there. The country is, for the most parts, a desert ...”* Hy erken in 1902 in 'n skrywe aan lady Edward Cecil verder: *“The country is quiet ... only it is a complete wreck ... it is a melancholy spectacle. The farm houses are all gone ... What is far more serious is the total absence of stock ...”* Leo Amery, oorlogskorrespondent vir *The Times* bevestig die na-oorlogse toestand van die twee Boererepublieke en skryf: *“... a country which the war had converted into a absolute wilderness. From end to end of the two colonies there was hardly a farmhouse left standing. In large areas the live stock had been almost exterminated. Except for a few dams and occasional fences which had escaped destruction, the whole apparatus of rural civilization had practically been wiped out.”*¹⁹

Dit is na hierdie omstandighede wat dié wat die oorlog oorleef het gedurende die winter van 1902 na moes terugkeer. Sommige as oëbittreinders, ander vanuit oorsese krygsgevangenekampe, die vrouens en kinders van die konsentrasiekampe af en selfs 'n handjievol oëvlugtelinge vanuit Lesotho. Vir sommige was dit nie moontlik om na hulle plase terug te keer nie terwyl ander die erg beskadigde plase opgegee het om werk op die goudmyne te gaan soek. Hiermee saam is die Boere ontwapen en van politieke seggenskap gestroop. Hulle basiese vervoermiddel, die perd, was bykans ook uitgewis. Hulle het letterlik met slegs die gehawende klere aan hulle lywe op die plase opgedaag.

Die vrouens in die konsentrasiekampe kon as vergunning die tente waarin hulle gewoon het saam neem tydens hul repatriasie. By hul aankoms is die vervalde strukture op die plase as skuilings ingerig tot tyd en wyl die huise herstel is en so moes die Vrystaatse boere met 'n nuwe lewe begin en terselfdertyd weer hul plase se landboukapasiteit herstel.²⁰

HEROPBOU

Die ABO het die Britse regering volgens amptelike gegewens £221 miljoen uit die sak gejaag. Ongevalle aan Britse kant, gesneuwel, gewond of siek, was 97 477 waarvan 20 870 dood is. Hiervan het 13 250 aan siektes gesterf. Aan Boere-kant is 9 103 gedood of gewond en meer as 20 000 vrouens en kinders het in die konsentrasiekampe gesterf. Na raming het meer as 12 000 swartmense in die oorlog omgekom.²¹

Die totale skade aan landbouhulpbronne is na die oorlog deur die Boeregeneraals op £60 miljoen vir die twee republieke gesamentlik geraam.²² Dit is dalk 'n onderskatting want net die verlies aan die Vrystaatse veestapel beloop £30 miljoen teen militêre tenderpryse. In die Vrede van Vereeniging is voorsiening gemaak vir £3 miljoen *“for the purpose of assisting the restoration of the people to their homes and supplying those who, owing to war losses, are unable to provide for themselves, with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock, implements etc. indispensable to the resumption of their normal occupations.”*²³

'n Verdere £2 miljoen, waarvan die Vrystaat £171 000 ontvang het, is deur Brittanje vir kompensasie aan Britse onderdane, swart mense en uitlanders bewillig terwyl nog £4.5 miljoen goedgekeur is ten opsigte van militêre kwitansies en kompensasie vir oëhensoppers. Die Oranjerivierkolonie (voormalige Vrystaatse Republiek) het ook 'n lening van £7.7 miljoen ontvang terwyl daar nog £3 miljoen as rentevrye lenings aan boere beskikbaar gestel is.²⁴

Soos dit met kompensasiefondse gaan, was daar baie dispute en onenigheid oor wie wat kon eis en wie hoeveel moes kry en watter skulde daarvan afgetrek moes word. Die grootste gedeelte van die eise is eers in 1905 afgehandel en het ook ver tekort geskiet ten opsigte van die werklike skade. Uiteindelik is 17 132 eise ter waarde van £17 872 932 in die Vrystaat ontvang teen 'n gemiddeld van £1 043 per eiser. Elke eiser het ten minste £25 ter aanvang ontvang en die balans van die eise is teen 2 sjieling in die pond (ongeveer 10 sent in die Rand) uitbetaal. So byvoorbeeld het 'n boer van Harrismith, JF de Villiers, wat 4 000 skape, 600 beeste, 200 perde, 6 waens, 2 spanne muile, 2 perdekarre asook 'n woonhuis met 16 vertrekke en buitegeboue verloor het, £370 as kompensasie ontvang. Teen die militêre tenderpryse sou hy net 64 beeste, of dalk 19 perde, daarmee kon koop.²⁵

Toe die eerste tjeks ontvang is, het dit met ontnugtering en bittere teleurstelling gepaard gegaan. Sommiges, soos genl. Christiaan de Wet, het die kompensasie, uit trots, van die hand gewys. In gevolg die gereserveerde £2 miljoen wat vir Britse onderdane, swart mense en uitlanders bewillig was, is uiteindelik £16.5 miljoen uitbetaal terwyl die boere se bedrag met £4 050 na £3 004 050 aangepas is om die individuele eise afgerond te kon kry. Vee en voorrade ter waarde van £1 391 000 wat van die Britse leër oorgeneem is, is bykomend aan boere beskikbaar gestel met die oog op die volgende plantseisoen. Die Vrystaat se deel was £770 891 en is soos volg saamgestel:²⁶

	Aantal	Waarde	Prys/item
Perde	11577	£ 219 310	£ 18.94
Muile	6000	£ 128 972	£ 21.50
Osse	11851	£ 118 510	£ 10.00
Donkies	110	£ 880	£ 8.00
Beeste	153	£ 879	£ 5.75
Waens	990	£ 35 530	£ 35.89
Trollies	77	£ 770	£ 10.00
Skotskarre	265	£ 3 180	£ 12.00
Kaapse karre	120	£ 360	£ 3.00
Waterkarre	21	£ 315	£ 15.00
Toerusting		£ 6 680	
		£ 515 386	
Saals, halters, ens		£ 13 028	
Boumateriaal, draad, ens		£ 3 109	
Voorrade (vleis, koffie, ens)		£ 224 368	
Blokhuse	1500	£ 15 000	
		£ 770 891	

Bron: APJ van Rensburg

Die vee was van 'n swak gehalte en dit was winter. Weiding was skaars en daar was geen opgegaarde voer beskikbaar nie. Honderde diere is dood voor hulle gebruik kon word en duisende was in so 'n swak kondisie dat hulle nie kon werk nie. As gevolg van die swak gehalte het boere eerder vee in die Kaapkolonie met behulp van die lenings gaan koop.²⁷

Plaasarbeid was 'n wesentlike probleem. Die groot aantal swartes wat teen hoë salarisse vir die Britse magte gewerk het wou nie weer vir boere gaan werk nie. Groot getalle het na die oorlog ook na die Witwatersrandse goudmyne vir werk gestroom.²⁸

HERSTEL²⁹

In die lente van 1902 het die reën weggebly en die ergste droogte in 40 jaar ingelei. Die mielie-, aartappel- én koringoes van 1903 het gevolglik misluk. Van Januarie tot September 1903 het slegs 222 mm reën geval teenoor die gemiddeld van 590 mm vir 1879 tot 1901 (meetpunt onbekend). Daarmee saam het die repatriasiedepartement besluit om sy werksaamhede op 1 Mei 1903 te staak.

In hierdie tyd het baie boere van springhase, erdvarke, ystervarke en voëls (tarentale, patryse, fisante) geleef. Soms, as die berede polisie hulle rondte op die plase kom doen het, het die boere hulle gewere geleen en 'n paar bokke geskiet. Omdat osse so skaars was, is kinders soms voor ploëë ingespan.

Dit het vinnig begin beter gaan. Ten spyte van die droogte, was 60% van die inwoners in die Noord-Vrystaat volgens landdrosverslae in Oktober 1903 alweer selfversorgend. In 1904 was 'n groot aantal opstalle ten volle herstel en het die meeste mense weer behoorlike blyplekke gehad, hoewel daar swaar verbande op die plase was. Die veestapel het teen 1907 weer tot meer as 90% van die voor-oorlogse getalle toegeneem:

	1899	1907	Verskil	%
Skape	8 332 490	8 020 308	-312 182	-4%
Beeste	1 248 448	585 077	-663 371	-53%
Bokke	1 079 472	1 251 606	172 134	16%
Varke	34 787	61 409	26 622	77%
Perde	248 878	127 579	-121 299	-49%
TOTAAL	10 945 974	10 045 979	-898 096	-8%

Bron: APJ van Rensburg

Die produksie van landbougoedere het algaande ook toegeneem en skuld het afgeneem:

- In 1906 is eiers ter waarde van £33 000 uitgevoer;
- 'n Konfytfabriek is in 1905 in Parys opgerig en het in die 1906/7-seisoen 40 ton vrugte van boere ingekoop;
- Vanaf Desember 1904 tot Junie 1905 het 'n romery by Tweespruit 30 ton room by 50 boere gekoop en 12 ton botter verkoop. Die jaar daarna koop die romery 120 ton room by 156 boere. Die sukses hiervan het romerye op ander dorpe ook laat ontspring;
- Aan die einde van 1907 is wol ter waarde van £787 700 uitgevoer wat dubbeld die bedrag is van 1899 (£363 776);
- Voorskotte deur banke was aan die einde van 1906 £1 990 000 terwyl dit aan die einde van 1907 tot £1 658 059 afgeneem het.

Aan die einde van 1907, vyf jaar na die oorlog, het die uitvoere die invoere met £237 000 oortref en was die Vrystaat vir die eerste keer van voor die oorlog af weer 'n netto uitvoerder gewees. Totale uitvoere was £3 672 591 waarvan landbou £1 462 500 (40%) bygedra het. Laasgenoemde is 7% meer as die vooroorlogse £1 360 869 van landbou-uitvoere in 1898.

Dit het die Vrystaatse boere slegs vyf jaar geneem om hul landboukapasiteit te herstel en weer die welvaart te herwin wat hulle van 1854 tot 1899 in 45 jaar voor die oorlog bymekaar gemaak het. Waar hulle net na die oorlog hulleself met wilde diere en voëls moes voed, was daar nou genoeg voedsel om die hele kolonie mee te voed en nog 'n surplus beskikbaar wat uitgevoer kon word.

oorlewing

Die ouer *Webster Dictionary* (1913) definieer ʼn “*victim*” as ʼn ongelukkige persoon wat een of ander vorm van teespoedige omstandighede moet verduur. Dit verduidelik ook dat dit ʼn persoon is wat deur ʼn vorm van gesag onderdruk of misbruik word.

Die terapeut, Mary Ellen Halloran, verduidelik dat ʼn “*victim*” sy omstandighede as ʼn bedreiging beskou en dat hy homself gevolglik met gevoelens van vrees en hulpeloosheid omring. Hy doen dit omdat hy nie weet wat nog vir hom voorlê nie maar is daarvan oortuig dat wat dit ookal mag wees, nie goed kan wees nie. Hy verloor gevolglik sy wilskrag en raak in ʼn toestand van õgeen uitkomsö vasgekeer.

Daar teenoor definieer die *Webster Dictionary* ʼn “*survivor*” as ʼn persoon wat ʼn ander persoon, ʼn tydvak of ʼn gebeurtenis oorleef. Dit verduidelik ook dat dit ʼn persoon is wat aanhou funksioneer of vooruitgaan ten spyte van teënstand, ontbering of terugslae. Dit is dus iemand wat die wilskrag het om aan te hou, ten spyte van teespoed.

Halloran is van mening dat ʼn “*survivor*”, net soos ʼn “*victim*”, ook vrees en hulpeloosheid tydens ʼn krisis ervaar maar dat dit nie al is wat hy ervaar nie. Hy skakel baie gou na ʼn ander gemoedstoestand oor wat hom in staat stel om alternatiewe opsies ook te oorweeg. Sodra hy dan agterkom dat alles nie verlore is nie, verdwyn sy vrese en hulpeloosheid en begin hy stelselmatig nuwe moontlikhede raak te sien. Sy toekomsvisie word spoedig deur hoop oorheers en hy oorkom gevolglik die teespoed.

Die Vrystaatse boere se welvaart en landboukapasiteit was totaal vernietig as ʼn gevolg van die ABO maar die merkwaardige herstel daarvan toon dat die boere as “*survivors*” en nie as “*victims*” nie, van die slagveld af teruggekeer het. Hulle het selfs verder gegaan en kon õoorlewingö in õherlewingö omskep. Dit was allermins koloniale subsidies of goedkoop slawe-arbeid wat hulle welvaart aan hulle terugbesorg het.

Welvaart, soos deur die Vrystaatse boere uitgebeeld, is in wese net ʼn gemoedstoestand en het nie ʼn absolute waarde van sy eie nie. Welvaart het maar net bevestig wie en wat die Vrystaatse boere reeds was. Hulle het nooit hulle innerlike welvaart gedurende die oorlog verloor nie en gevolglik het hulle ʼn inspirerende geskiedenis nagelaat wat ook in die huidige geslag boere vasgevang is en gereeld oorvertel moet word: “*They have a good story to tell ... and the government and unions should start to appreciate the role of farmers in providing food security and creating jobs.*”

BETHLEHEM
April 2015

BRONNE:

Are You a Victim or a Survivor? Mary Ellen Halloran

Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie, 1902-1907, APJ van Rensburg, D Phil, UV, 1964.

Die geskiedenis van Harrismith, FA Steytler.

Geskiedenis van die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, Wikipedia.

<http://www.angloboerwar.com/boer-war>

<http://www.sabreakingnews.co.za/2014/07/01/economic-view-white-farmers-are-not-land-thieves/>

<http://www.sahistory.org.za/segregation-apartheid>

Koöperatiewe teorie en praktyk, JAS van Niekerk, 1986.

OUMA SE STORIES, S van den Bergh. South African Military History Society, April 2006

Peace Treaty of Vereeniging, signed on 31 May 1902, at Melrose House, Pretoria.

Professor Fransjohan Pretorius, Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria.

Second Boer War, Wikipedia.

The aftermath of the Anglo-Boer War, Ken Gillings. South African Military History Society, 2008

EINDNOTAS:

- ¹ JAS van Niekerk
- ² Geskiedenis van die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, Wikipedia
- ³ *Ibid.*
- ⁴ *Ibid.*
- ⁵ Vertellings aan S van den Bergh
- ⁶ Syfers en inligting oor perde en pluimvee uit FA Steytler
- ⁷ Beskrywing van boerdery toerusting en veegetalle uit APJ van Rensburg
- ⁸ Aanhalings uit APJ van Rensburg
- ⁹ Beskrywing van die drie fases uit *Second Boer War*, Wikipedia
- ¹⁰ Beskrywing van aanvanklike implementering van verskroeiendeaardbeleid deur prof. Fransjohan Pretorius
- ¹¹ Beskrywing van latere implementering van verskroeiendeaardbeleid deur APJ van Rensburg
- ¹² *Ibid.*
- ¹³ Vertellings aan S van den Berg
- ¹⁴ APJ van Rensburg
- ¹⁵ *Ibid.*
- ¹⁶ *Ibid.*
- ¹⁷ *Ibid.*
- ¹⁸ *Ibid.*
- ¹⁹ Aanhalings uit APJ van Rensburg
- ²⁰ Beskrywings uit APJ van Rensburg
- ²¹ Syfers uit K Gillings
- ²² APJ van Rensburg
- ²³ Peace Treaty of Vereeniging
- ²⁴ Syfers uit APJ van Rensburg
- ²⁵ *Ibid.*
- ²⁶ *Ibid.*
- ²⁷ APJ van Rensburg
- ²⁸ *Ibid.*
- ²⁹ Syfers en inligting uit APJ van Rensburg